Ark Blitz

Gideon

Les 22- DIE HERE HOOR SY KINDERS

maats lees: Rigters 6

Rigters vertel hoe Israel in die beloofde land begin lewe, tussen groepe mense (Kanaäniete, Filistyne …) wat nie dieselfde beloftes van die Here gekry het as hulle nie..

Hierdie mense het rondom en langs Israel-groepe gewoon en hulle op twee maniere bedreig:

1. Hulle was vyande wat Israel se grondgebied wou afvat en hulle diere en produkte vernietig of gesteel het.
2. Hulle het ander gode aangehang en gedien en dit kon Israel verlei tot afgodery.

Die Isrealiete wou nie na die Here luister nie en het net gedoen wat hulle wou. Daar was ook nie ’n koning of leier wat hulle op die regte pad gehou het nie. Toe kom die vyand, die Midianiete wat so baie soos sprinkane was en begin steel Israel se goed vir sewe jaar lank. En dit wat hulle nie gesteel het nie, het hulle afgebrand of verwoes. Die Israeliete moes net altyd wegkruip. Onder ‘n groot boom ontmoet die HERE ‘n man met die naam Gideon. Die HERE maak toe van vir bang Gideon, dapper Gideon.

<u>In Rigters kry ons ’n sekere patroon wat ’n paar</u> keer herhaal:

1. Die Israeliete doen wat verkeerd is in die oë van die Here.
2. Die Here gee hulle oor in die hande van die vyande.
3. Die Israeliete roep om hulp.
4. Die Here hoor deur ’n redder te voorsien.